

30 Junie 2017

Geagte Ouers

'n Baie vol en besige kwartaal vol uiterstes het tot 'n einde gekom.

Ons is baie dankbaar vir al die prestasies en seëninge wat ons hierdie kwartaal ontvang het, maar is ook hartseer saam met familie en vriende wat hierdie kwartaal deur teenspoed, siektes en selfs die dood geteister is.

Mag ons almal hierdie vakansie lekker rus en mag elkeen wat die langpad aandurf, veilig ry. Ons bid dat ons Hemelse Vader sy hand van beskerming oor elke De Hoop-familie sal hou.

Personeelaangeleenthede:

Me Rita Tolmie

Me Rita Tolmie tree af na 22 jaar diens in die onderwys.

Hierdie bekwame en veelsydige dame was nie net vir baie jare 'n raakvatter en graafhoof by die graad 4's nie, maar het ook haar stempel afgedruk in die Wiskunde didaktiese klas en op vele ander terreine. Menigte poësie-leerder is ook deur haar afgerig vir Eisteddfods.

Ons bedank haar vir haar ongelooflike bydraes en wens haar welverdiende rus toe. Ons gaan jou mis!

Me Esti Longland

Me Estie Longland verlaat ons na 6 maande en verhuis na Klerksdorp, waar sy 'n onderwysspos gaan beklee.

Hierdie borrelende graad 4 juffrou sal onthou word vir haar rol as fotograaf en eisteddfod-fundi, maar het vir niemand teruggestaan op die tennisbaan nie. Ons beste wense vergesel jou vir die toekoms!

Me Marial Jordaan

Me Marial Jordaan (graad 3) het maklik by De Hoop ingeskakel as klasjuffrou en afrigter van die hokkie en mini-krieket.

Hierdie innemende juffrou het vir 6 maande afgelos en verhuis nou na Robertson, waar sy 'n onderwysspos aanvaar het. Ons wens jou alle sukses toe!

Sporttoer

Die tyd het aangebreek vir ons jaarlike sporttoer na Graaff-Reinet waar ons gaan deelneem aan die Anne Beagley toernooi by Union Hoërskool.

Die 0/13 A- rugby en meisieshokkie spanne vertrek al vroeg Vrydagoggend, 30 Junie. Ons speel tydens die toernooi teen verskeie skole oor die drie dae. Ons wens beide spanne alle sterkte toe en mag hulle De Hoop se naam hoog hou.

Datumlys

U ontvang saam met hierdie nuusbrief 'n afskrif van die datumlys vir volgende kwartaal. Bêre dit asseblief veilig vir u gerief. Dit is ook elektronies op die Skoolkommunikeerder te vind.

Sport- en Kultuurverslae

Hierdie verslae is op die Kommunikeerder onder Bronne gelaai. Kyk gerus na die pragtige uitslae wat ons leerders hierdie kwartaal behaal het. Ons is baie trots op almal!

OOV Bestuursverkiesing

Die verkiesing van die nuwe OOV Bestuur vir die volgende jaar vind op Woensdag 2 Augustus plaas.

Klerewinkel

Die klerewinkel sal op Donderdag 20 Julie 2017 vanaf 10:00 – 11:00 en Maandag 24 Julie 2017 vanaf 07:00 – 08:00 vir u gerief oop wees.

Skool Kommunikeerder

Ons herinner u dat hierdie elektroniese program **ons hoof medium van kommunikasie met u is.**

Om die program gratis op u rekenaar af te laai, gaan na ons webwerf en soek die skakel heel onder op ons tuisblad. Hierdie program verskyn elke oggend op u skerm en u kan dan sien watter boodskappe uitgestuur is en ook wat op die kalender gaan plaasvind.

Die program sal ook gebruik word om dringende boodskappe aan u te stuur. In so 'n geval verskyn daar onmiddellik 'n kennisgewing op u skerm. Die program kan bestuur word sodat u slegs inligting ontvang wat op u van toepassing is.

Die kommunikeerder kan as 'n toepassing op u Androidfoon afgelaai word. Dit werk baie goed en boodskappe en inligting van die skool is dan altyd byderhand.

JW Cillie
SKOOLHOOF
www.dehoopps.co.za